


**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**ONTWERP V1**

**(TEORIE)**

**NOVEMBER 2013**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 26 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID**

**VRAAG 1 [20 punte]**

**AS1: Maak waardebepalings deur 'n duidelike begrip van Ontwerp.**
**AS2: Begrip van ontwerpteorie en die korrekte gebruik van ontwerpterminologie.**

1.1 **[10 punte]**




- **Kleur:** Die kleurgebruik in die bak kan as beperk beskryf word. ☑ Die oorheersende kleur is 'n ligblou. ☑ Die herhalende gebruik van die kleurreeks skep 'n ritme ☑ en 'n hegte eenheidskomposisie. ☑ Blou dra ook by tot elemente van koelheid en kan ook na die huiswerker se uniform verwys. ☑
- **Kontras:** Die belangrikste of mees opvallende kontras is tussen die vroulike figure wat die dekoratiewe rand van die ronde en gekurfde bak vorm. ☑ Die Zizamele Keramiekbak het 'n 'speelse ritme' geskep deur die afwisselende patrone op die blou vroulike figure. ☑ Nog 'n kontras is tussen die soliede bak en die positiewe en negatiewe spel van die ruimtes geskep deur die vroulike figure wat die rand van die bak vorm. ☑ Die wit dekoratiewe kolpatroon kontrasteer met die soliede blou kleur van die rok. ☑
- **Patroon:** Dekoratiewe geometriese ☑ patrone word speels op die figure gebruik. Patrone kan as beide dekoratief ☑ en tipies van Afrika-kuns of –ontwerp gesien word. ☑ Die herhalende patroon op die vroulike vorm op die rand van die bak skep eenheid. ☑ Die vroulike rok word ook herhaal om 'n patroon te skep. ☑
- **Beweging:** Die vroulike figure op die rand van die bak skep die sterkste vorm van ritmiese beweging ☑ met hulle arms wat verbind is. Die gebruik van afwisselende blou vroulike figure versterk ook die beweging. ☑ Die gebruik van geometriese patrone op die oppervlak as dekoratiewe element skep verdere beweging. ☑ Die herhalende oppervlakpatrone skep ook beweging. ☑
- **Fokuspunt:** Sommige leerders mag die rand van die bak, geskep deur die silhoeëtte van die vrouens, as die fokuspunt sien. ☑ Die manier waarop die vroulike figure vorentoe of inwaarts leun, lei ook die oog na die sentrale of fokuspunt in die onderste deel van die bak. ☑ Die rompe van die vrouens wys almal na die middel van die bak. ☑ Die sirkelagtige patrone en die rante van elke rok in die middel van die bak lei ook die oog na die middelpunt. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Herroeping | 30% | 1.1 | 3 |
| Middelorde | Toepassing van elemente en beginsels | 40% | 1.1 | 4 |
| Hoër orde | Analise; Sintese; Evaluering | 30% | 1.1 | 3 |

1.2 **[10 punte]**



FIGUUR B
**M2 Gebou** en vertoonkamer vir Mazda motors, ontwerp deur Kengo Kuma, (Tokio Japan), 1991.

1.2.1 **(Ken 6 punte toe)**

- **Vorm volg funksie:**

Die konsep is deur die Bauhaus argitekte uitgedink. Klem is op die funksie van die ontwerp geplaas, 'n geval van 'jy kry wat jy sien'! ☑ As 'n ontwerper besluit om 'n skool of kerk te bou moet die gebou as sulks geïnterpreteer word. Versiering is basies 'n nagedagte. ☑
In die M2 gebou het die ontwerper duidelik nie die stappe van die Bauhaus argitekte gevolg nie. In die ware gees van Postmodernisme het hy klem geplaas op die oorlading van elemente en Eklektiese style. ☑ Die argitek het drasties weggebreek van die frase Vorm Volf Funksie en het 'n gebou geskep wat oorheers word deur 'n groteske postmoderne Ioniese pilaar bestaande uit 'n chaotiese *collage* van lomp oormekaar geplaasde vorms. ☑ Die funksie van die gebou is nie duidelik nie omdat die eklektiese styl verwarrend is en die doel of funksie kamoefleer. ☑

- **Dekonstruksie:**

Die woord verwys na die gebruik van vorms en ruimte gebombardeer met gefragmenteerde, ☑ skerp, botsende hoeke, skewe en onvoltooide vorms. ☑ Die Dekonstruksie (beweging/styl) word sterk beïnvloed deur die kunsbewegings soos Kubisme, Futurisme en Konstruktivisme. ☑ Die M2 gebou is duidelik gevorm deur die Dekonstruksie beweging/styl in die gebruik van fragmentering. ☑ Populêre style gedekonstrueer vir hernuwing. ☑

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- **Minder is Vervelig:**
Robert Venturi het die frase gedurende Postmodernisme uitgedink. Die frase verwys na 'n ontwerp wat van verskillende style gebruik maak. ☑ Die frase verwys ook na 'n reaksie op die klem op Minimalisme, uniformiteit en onbuigsame navolging van style of bewegings soos De Stijl, Bauhaus en die Internasionale Styl. ☑ Baie beskryf die M2 gebou as Postmodernistiese, Neo-Historiese en Neo-Eklektiese argitektuur wat die idee van 'Minder is Vervelig' versterk. ☑ Die M2 gebou kan ook as Pluralisties en Hibried of baster beskryf word. ☑ Bogenoemde moet verband hou met die gebou.

1.2.2 **(Ken 4 punte toe)**

- **Kontras**
Die opvallendste kontras in die M2 Gebou word deur die gebruik van 'n reuse verskeidenheid tradisionele en moderne materiale geskep. ☑ Nog 'n kontras word ingebring deur die gebruik van klassieke style met moderne style, ☑ sowel as die glas teenoor die beton. ☑ In dieselfde lig word kontras geskep deur die gebruik van Minimalisme teenoor Ornamentele ontwerp. ☑

- **Fokuspunt**
Die argitek van die M2 gebou het van 'n monumentale klassieke Ioniese pilaar as die sentrale fokuspunt gebruik gemaak. ☑ Die pilaar word in die middel geplaas en styg bo die res van die gebou uit. ☑ Die grootte van die pilaar oorheers die proporsie van die gebou. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| V1.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Herroeping | 30% | 1.2.1 + 1.2.2 | 3 |
| Middelorde | Toepassing van elemente en beginsels | 40% | 1.2.1 | 4 |
| Hoër orde | Analise;<br>Sintese;<br>Evaluering | 30% | 1.2.1 + 1.2.2 | 3 |

**VRAAG 2 [10 punte]**

**AS3: Bespreek, verduidelik en toon die inhoud en funksie van produkte, beelde, tekens en simbole wat in ontwerp gebruik word om openlike en verborge boodskappe oor te dra en wat stereotipes en vooroordele van die verlede en hede bekragtig of bevraagteken.**
**AS2: Begrip van ontwerpteorie en die korrekte gebruik van ontwerpterminologie.**

2.1 **(Ken 8 punte toe)**
Leerders sal verskillende oogpunte ten opsigte van die vraag bied. Menings moet op gepaste ontwerptaal gebaseer word. Leerders moet die bestaan van stereotipes kan identifiseer en bespreek hoe hierdie ontwerp vooroordele, veranker in die ontwerp, uitdaag of versterk.
(Die toepassing van kritiese denkvaardighede en die manier waarop die leerder die vraag gepas kan beantwoord, moet in die algemene assessering van hierdie vraag in ag geneem word.)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


FIGUUR A en B versterk stereotipes soos volg:

- **Titel:** Die feit dat die ontwerper doelbewus die stoele 'Syne' en 'Hare' genoem het, versterk 'n stereotipiese benadering dat daar spesifieke vorms vir elke geslag is. ☑ Die titel onderskei duidelik ten opsigte van geslag tussen die twee stoele. ☑

- **Materiale:** Die feit dat die ontwerper materiale gekies het wat 'algemeen' met 'n man of vrou verbind word, is nog 'n aanduiding dat die ontwerper stereotipes versterk. ☑ Die 'Syne' stoel maak gebruik van materiale wat tradisioneel as 'manlik' beskou word, d.i. manlike geharde, weerstandbiedende leer en rubber ☑ terwyl die 'Hare' stoel opgestop is met 'n sagte fluweelagtige materiaal wat tradisioneel as vroulik beskou word. ☑

- **Kleur:** Sy 'Syne' stoel is oorgetrek in pikswart wat gesien word as 'n sterk, harde kleur wat die stereotipe van mans as altyd sterk en hard versterk ☑ en die 'Hare' stoel heeltemal in rooi/pienk wat ook die stereotipe van vrouens as sag, skatlik en vroulik, passievol versterk. ☑

- **Vorm:** Albei stoele lyk baie dieselfde ten opsigte van vorm. ☑ Die belangrikste verskille is dat die 'Syne' stoel 'n klein gekerfde kroonmotief aan die bokant het, wat die stereotipiese idee dat die man 'koning' of die leier is, versterk ☑ en in vergelyking met die 'Hare' stoel effens groter of bonkiger is, ☑ wat ook beklemtoon dat hy groter en sterker is. Die ander stoel is meer gerond. ☑

Krediet moet gegee word aan enige ander geldige antwoorde.

2.2 **(Ken 2 punte toe)**

Die leerder kan noem dat dit nodig sal wees om:

- omstrede beelde wat vooroordeel en diskriminasie skep, te vermy ☑
- beelde of stellings wat mans plaas in rolle wat van hulle verwag word, te vermy (die leier, sterk, die voorsiener) ☑ en vroue in rolle wat van hulle verwag word (bv. swak, die seksobjek, die kok) ☑
- mense as verteenwoordigend van unieke individue te bevorder ☑
- verantwoordelike ontwerppraktyk, wat nie teen groepe of individue diskrimineer nie, te bevorder ☑

Krediet moet ook gegee word aan enige ander redelike waarnemings.

| V2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming; Herroeping; Begrip | 30% | 2.1 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 2.1 | 4 |
| Hoër orde | Analise; Sintese; Evaluering; Afleiding | 30% | 2.1 + 2.2 | 3 |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3 [20 punte]**

**AS4: Ondersoek, reflekteer en interpreteer inligting vanuit 'n verskeidenheid bronne wat wêreldwye/globalisasie-invloede toon en hoe dit die ontwikkeling van ontwerp beïnvloed.**

**'n Leerder mag kies om enige voorbeeld soos verskaf in die LPR, PAT of enige ander gedokumenteerde bron te gebruik.**
**LET WEL: Hoofnasieners moet die egtheid van die leerder se antwoord naslaan indien 'n leerder 'n ontwerper wat nie op die Nasionale LOOM-lys is nie verskaf. Geen punte sal toegeken word vir die naam van die ontwerper en die titel van die ontwerpproduk/te nie. Slegs inligting wat relevant tot die vraag is, sal krediet kry.**

3.1 **(Ken 10 punte toe)**

| VERSKILLE | OOREENKOMSTE |
|---|---|
| **Plaaslike en Internasionale Invloede** | |
| FIGUUR A weerspieël 'n moderne benadering tot tradisionele handwerk. ☑ FIGUUR B word beïnvloed deur plaaslike kultuur, nl. Bafana Bafana, populêre kultuur, terwyl FIGUUR A tradisionele Afrika-tegnieke gebruik om 'n Europese styl te vernuwe. ☑ | Beide maak gebruik van tradisionele driedimensionele handwerk, d.i. draad-/wolwerk. ☑ |
| **Gebruik van materiale** | |
| FIGUUR A kombineer draad/wol met krale. Alhoewel tradisioneel skep die gebruik van wit krale 'n meer byderwetse/kontemporêre voorkoms. ☑ FIGUUR B maak gebruik van slegs telefoondraad en behou 'n tradisionele etniese gevoel. ☑ | Beide ontwerpe maak gebruik van draad/wol wat dit 'n tradisionele of handwerk/handgemaakte gevoel gee. ☑ |
| **Kleur** | |
| FIGUUR A is monochromaties en weerspieël 'n kalm, skoon, moderne en gesofistikeerde gevoel ☑ terwyl FIGUUR B met helder, sterk kleure 'n naïewe en vrolike effek oordra. ☑ | Geen. |
| **Patroon** | |
| Die vorms in FIGUUR A vorm 'n patroon met die herhaling van die kandelaar se geboë arms en krale ☑ maar in FIGUUR B skep die kleure en vorms 'n patroon deur die herhaling van die strepe en vereenvoudigde sokkerspelers. ☑ | Albei ontwerpe maak gebruik van die element patroon. ☑ |
| Krediet moet ook gegee word aan enige ander redelike waarnemings. | Krediet moet ook gegee word aan enige ander redelike waarnemings. |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


| V3.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming | 30% | 3.1 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 3.1 | 4 |
| Hoër orde | Evaluering; Kritiek | 30% | 3.1 | 3 |

3.2 **(Ken 10 punte toe)**

**LET WEL: 'n Leerder mag kies om enige voorbeeld soos verskaf in die LPR, PAT of enige ander gedokumenteerde bron te gebruik.**

EEN MOONTLIKE VOORBEELD: Michael Chandler ☑

INVLOEDE EN KENMERKE:

Sy werk is so uiteenlopend soos die land wat hom inspireer en dek van keramiekwerk en stoffeerstowwe tot juweliersware en meubels. ☑ As 'n student het Michael by Stephan Welz en Sotheby's begin werk, waar sy oorweldigende nuuskierigheid ten opsigte van antieke ware ☑ sy persoonlike kreatiewe projekte begin beïnvloed het. Sedert hoërskool het Michael gesê dat die gekrabbel in sy notaboeke deur die Kaaps-Hollandse styl geïnspireer is. ☑ Die Kaapse binnenshuise estetika ☑ is 'n sterk tema in sy werk.

Michael sê sy styl het 'n Kaaps-Hollandse aanslag op die Hollywood Regentskap voorkoms van die 1940's ☑ en sy Afrika-erfenis ☑ gee dit 'n ekstra skop. Sy styl kan as 'Kaapse Regentskap' gedefinieer word ☑ maar dit is al voorheen gebruik, dus het hy dit eerder 'Kaapse Prag' genoem. ☑ Prag is weelde sonder oordadigheid, ☑ goeie kwaliteit-stukke op 'n diskrete wyse bymekaar gesit. Herhalende temas van blou-en-wit oosterse porselein, ☑ Kaaps-Hollandse gewelmotiewe ☑ en subtiele Afrika-elemente verskyn baie keer in Michael se ontwerpe, maar elkeen word altyd op 'n nuwe en kontemporêre wyse hervertolk. ☑




Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Michael erken self dat hy van idees hou en nadat hy gekonseptualiseer het, gee hy sy ontwerpe vorm in een van sy notaboeke. Hy gee dan sy spitsvondige sketse aan 'n versigtig geselekteerde groep handwerkers van oraloor die Kaapse Skiereiland. Michael sê dat die proses vanaf idee tot item nie slegs deur sy kreatiwiteit beïnvloed word nie, maar ook deur die kreatiwiteit van die handwerker. ☑ Die handwerker wat een van sy ontwerpe skep, is een van die filters wat 'n invloed op die finale produk sal hê, net soos die materiaal self ook 'n filter is. ☑ Dis inderdaad 'n informele samewerking. ☑ Hierdie ketting van individuele beïnvloeding is wat uiteindelik die persoonlikheid van die finale produk definieer. ☑

Michael se ontwerpe, alhoewel dekoratief, is funksionele objekte in soverre hulle gebruik kan word as spieëls, kandelare en draagbare hangertjies. ☑






| V3.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Herroeping; Opnoeming | 30% | 3.2 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 3.2 | 4 |
| Hoër orde | Evaluering/Afleiding | 30% | 3.2 | 3 |

**VRAAG 4 [30 punte]**

**AS4: Ondersoek, reflekteer en interpreteer inligting vanuit 'n variëteit van bronne wat wêreldwye/globalisasie-invloede toon en hoe dit die ontwikkeling van ontwerp beïnvloed.**
**AS5: Analiseer, interpreteer en reflekteer krities op voorbeelde en bring hulle in verband met hulle kulturele, historiese en kontemporêre kontekste.**

4.1 **(Ken 10 punte toe vir elke beweging vir 'n totaal van 20)**

**Leerders moet TWEE ontwerpe kies.**

**TWEE MOONTLIKE KEUSES IS: FIGUUR A EN FIGUUR C**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**FIGUUR A:** Geïnspireer deur die Kuns en Kunshandwerk Beweging**.** ☑

**DRIE KENMERKE VAN DIE GEBOU WAT DIE INVLOED VAN DIE KUNS EN KUNSHANDWERK ERA WEERSPIEËL:**

- Die gebou weerspieël die Kuns en Kunshandwerk Beweging se liefde vir die landelike Engelse Kothuisstyl ☑ in die gebruik van hoofsaaklik natuurlike materiale, d.i. klipmure, houtvensters en dakteëls van klei. ☑
- Die handgemaakte kwaliteit ☑ van die gebou weerspieël die Kuns en Kunshandwerk Beweging se klem op vakmanskap en hulle verwerping van die masjien. ☑
- Die eenvoudige, somber, bonkige kwaliteit ☑ van die gebou asook die geboë ingang en vensters links herinner aan Middeleeuse Gotiese geboue wat 'n sterk invloed op die Kuns en Kunshandwerk Beweging gehad het. ☑

**TWEE ANDER TIPIESE KENMERKE VAN DIE KUNS EN KUNSHANDWERK BEWEGING:**

- Temas van die " platteland ", bv. die melk van koeie; veldblomme was dikwels sigbaar. ☑
- Tipiese onderwerpe het plante, diere, voëls en Middeleeuse ontwerpelemente soos die drie- en vierblaarklawerpatroon ingesluit. ☑
- Produkte het tekstiele, meubels, keramiek, leeromslagboeke, metaalwerk en argitektuur ingesluit. ☑
- Versiering is gebruik om die basiese ontwerp te verbeter. Ornamentasie was tot 'n minimum beperk. ☑
- Tekstiele en keramiekontwerpe was meer organies as gevolg van die invloed van plante en diere. ☑
- Hulle het gebruik gemaak van plat areas vol sterk kleur in verskillende skakerings van blou, geel en rooi. Hulle het ook gebruik gemaak van aardse tone. ☑
- Die balans was oor die algemeen simmetries as gevolg van die Middeleeuse Gotiese invloed van stabiliteit en orde. ☑
- Menslike figure vanuit Middeleeuse bronne kan dikwels gesien word, bv. in gebrandskilderde glas en meubelpanele. ☑
- As gevolg van die reaksie teen industrialisering en die klem op vakmanne het handtegnieke hoogty gevier. ☑
- Konstruksiedetail is dikwels ontbloot, bv. die klinknaels in metaalwerk en die tapwerk in meubels sou 'n dekoratiewe funksie hê. ☑
- Natuurlike materiale wat 'onaangeraak' was deur die industrie is gebruik, bv. inheemse (Engelse) houtsoorte soos eik en berk. William Morris se idee van 'getrouheid aan materiale', waar materiale onveranderd gebruik is om die skoonheid van die materiaal van die voorwerp te toon, was duidelik. ☑
- Produkte het 'n landelike, kothuis-, "onklaar" gevoel gehad. ☑
- 'n Herlewing van tradisionele handwerke soos weef, borduur, kantvervaardiging en tapisserie is sigbaar. William Morris was die hoofinspirasie vir hierdie hernude belangstelling. ☑

Enige TWEE van hierdie kenmerke of enige ander relevante kenmerke kan genoem word. Kenmerke wat uitgewys is as duidelik herkenbaar in die Suid-Afrikaanse voorbeeld mag nie in hierdie afdeling herhaal word nie.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**EEN ONTWERPER EN WERK EN 'N KORT ANALISE VAN DIE WERK**:
Ontwerper: Phillip Webb ☑
Ontwerp: Die Rooi Huis, Engeland, 1859 ☑



- Die ontwerp is funksioneel en eenvoudig ☑ met onopgesmukte oppervlaktes deurgaans. ☑
- Binnenshuise mure is met muurskilderye van blom- en voëlontwerpe bedek. ☑
- Baie toebehore en meubelstukke is deur Webb ontwerp. ☑
- Die huis vertoon die gewone baksteenoppervlaktes van die Engelse kothuisstyl. ☑
- Die dak bestaan uit vele gepunte dakkies en skoorstene, tipies van die Gotiese argitektuur. ☑
- Die voorste ingang en vensters toon die geboë vorms van Gotiese argitektuur. ☑

Gee krediet aan enige ander werk wat korrek genoem en geanaliseer is.

**FIGUUR C:** Geïnspireer deur die Bauhaus beweging. ☑
**DRIE KENMERKE VAN HIERDIE GEBOU WAT WYS DAT DIT DEUR DIE BAUHAUS BEWEGING BEÏNVLOED IS:**
- Tipies van die Bauhaus is hierdie gebou se gebruik van blokagtige, geometriese vorms. ☑
- Die gebou is van die grond gelig op eenvoudige pilare wat ooreenstem met die Bauhaus waarvan die werkswinkelvleuel ook op betonblokke gelig is. ☑
- Die oorheersende gebruik van onversierde beton in hierdie gebou is tipies van Bauhaus argitektuur. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige antwoord.

**TWEE ANDER TIPIESE KENMERKE VAN DIE BAUHAUS BEWEGING:**
- Bauhaus ontwerpe is gebaseer op suiwer, geometriese vorms soos die keël, die sirkel, die silinder en die kubus. ☑
- In geboue oorheers reguit, horisontale en vertikale lyne. ☑
- Organiese lyne en vorms word verwerp. ☑
- Oppervlaktes is glad en onversier ☑ om die eeu van die masjien te weerspieël. ☑
- Primêre en neutrale kleure oorheers. ☑
- Die klem is op funksionaliteit en vorms word deur die funksie van die produk bepaal ('vorm volg funksie'). ☑
- Die skoonheid van produkte is in die formele rangskikking van die elemente van ontwerp om baie gebalanseerde en geordende komposisies te skep. ☑
- Eenvoud word beklemtoon. ☑


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Enige TWEE van hierdie kenmerke of enige ander relevante kenmerke kan genoem word. Kenmerke wat uitgewys is as duidelik herkenbaar in die Suid-Afrikaanse voorbeeld mag nie in hierdie afdeling herhaal word nie.

**EEN ONTWERPER EN WERK EN 'N KORT ANALISE VAN DIE WERK:**



Ontwerper: Marcel Breuer ☑
Ontwerp: Wassily Stoel, 1925 - 1926 ☑

- Die stoel is van staalpype ☑ en leerstroke gemaak. ☑
- Reguit horisontale en vertikale lyne oorheers. ☑
- Dit skep 'n geordende komposisie van geometriese, reghoekige en blokagtige positiewe vorms en negatiewe ruimtes. ☑
- Oppervlaktes is glad en onversier. ☑

Gee krediet aan enige ander werk wat korrek genoem en geanaliseer is.

| V4.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Herroeping van feite | 30% | 4.1 | 6 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 4.1 | 8 |
| Hoër orde | Kritiese analise | 30% | 4.1 | 6 |

4.2 **[10 punte]**

4.2.1 **(Ken 2 punte toe)**

Leerders moet aandui watter vertoonkas hulle verkies en moet hulle keuse ondersteun met twee goed gemotiveerde redes.
Indien die keuse FIGUUR F was, kon die volgende redes gegee word:
Die krom lyne en vorms van die kas weerspieël die natuur baie mooi en bring die natuur in die huis in. ☑
Die herhaling van die krom lyne skep 'n ritmiese ontwerp. ☑

Indien die keuse FIGUUR G was, kon die volgende moontlike redes gegee word:
Die eenvoudige vorms en skoon lyne het 'n kontemporêre gevoel. ☑
Die groot boonste deel en ongewone plasing van rakke gee die kas 'n spitsvondige, sonderlinge karakter. ☑

Krediet moet ook gegee word aan enige ander relevante stellings.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


4.2.2 **(Ken 8 punte toe)**

**'n Tabel is verskaf om die merkproses te vergemaklik, maar daar word van leerders verwag om die vergelyking in 'n paragraaf te beantwoord.**

**VERGELYKING TUSSEN FIGUUR A EN FIGUUR C:**

| **ART NOUVEAU VERTOONKAS (FIGUUR F)** | **MODERNISTIESE VERTOONKAS (FIGUUR G)** |
|---|---|
| **VORM:**<br>Die onderliggende vorms van die kaste en laaie is geometries, ☑ maar dis omraam en verbind met mekaar deur middel van organiese, gekromde houtstroke wat aan die stele van plante en klimoppe herinner om sodoende 'n oorheersende organiese, aardse voorkoms te skep. ☑ | Die vorms is hoofsaaklik geometries en blokagtig ☑ om sodoende 'n heel formele, masjienagtige ☑ effek te skep, maar die effens geronde hoeke van die boonste rakke en die skuifdeure onder versag die meganiese gevoel en voeg 'n mindere skakel met die natuur daarby. ☑ Die skerp gepunte voetstukke en diagonale pote herhaal die effens diagonale sye en skerp hoeke van die reghoekige vorms en voeg skerp, dinamiese aksente by. ☑ |
| **FUNKSIE:**<br>Die funksie van die kas word oorheers deur die kromlynige ritmes van die verweefde houtstroke. ☑ Die stroke is oral oor die vorm en lei die oog weg van die eintlike funksie van die kas. ☑<br><br>Die kas is handig aangesien dit verskillende tipes stoorplek het, bv. laaie, klein kassies, asook ingelasde glas vir die vertoon van voorwerpe. ☑ | Die funksie van die kas is duidelik en word nie oorheers deur oppervlakversiering of dekoratiewe elemente nie. ☑<br><br>Die kas het rakke en stoorruimte, maar bied nie vertoonruimte agter glas nie. ☑ Die kas bied nie soveel stoorruimte soos die Art Nouveau een nie aangesien ruimte die groot boonste deel oorheers. ☑ |
| **RUIMTE:**<br>Die ontwerper van die kas het versigtig negatiewe ruimtes in hierdie ontwerp geïntegreer sodat soliede areas en negatiewe ruimtes visueel opwindend op mekaar inwerk. ☑<br>FIGUUR F het 'n soliede voorkoms wat die ruimte oorheers, anders as in FIGUUR G. ☑ | Negatiewe ruimte ☑ speel ook 'n belangrike rol in hierdie ontwerp aangesien die asimmetriese plasing van die rakke op 'n interessante wyse die wit agtergrond aktiveer.☑ Die ruimte tussen die boonste en onderste dele vorm 'n dun reghoekige band wat ander reghoekige vorms herhaal en as bindingselement dien. ☑ |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


| **SIMMETRIE:**<br>Die vorms en lyne is simmetries om 'n sentrale as gerangskik wat help om die beweging geskep deur die organiese lyne te stabiliseer. ☑ | Die groot vorm bo is sterk asimmetries wat tot die ongewone spanning geskep deur sy grootte bydra. ☑ Hierdie spanning word deur die simmetrie van die onderste deel gestabiliseer. ☑ |
|---|---|
| Die ontwerp is vertikaal simmetries, maar horisontaal asimmetries. ☑ Vertikale en horisontale lyne, gevorm deur die kernvorm van die kas, oorkruis en gee die ontwerp stabiliteit, ☑ terwyl die gekromde steelagtige 'arms' dele verbind en uitvloeiende gekromde rame dus die geheel besig en vol beweging maak. ☑ | Horisontale en vertikale lyne is ook in hierdie kas sigbaar, maar hier oorheers hulle die ontwerp en skep 'n geheel wat meer formeel of georden is. ☑ Baie klein organiese elemente is sigbaar om 'n sagter, stabiele effek te verseker. ☑ |
| Alhoewel die sentrale agterste strook die grootste vorm is, oorheers of domineer dit nie die ontwerp nie. ☑ Die belangrikste vorms is heel gelyk in grootte, alhoewel kontraste, wat visuele belangstelling wek, sigbaar is. ☑ | Die boonste, reghoekige vorm is groot en oorheers die ontwerp en skep 'n ongewone bowigtige komposisie. ☑ Die feit dat die onderste soliede kasgedeelte soveel kleiner as die bogedeelte is en ruimte die soliede dele in die bogedeelte oorheers, word 'n komposisie met opwindende kontraste en spanning geskep. ☑ |

Gee krediet aan enige geldige stellings.

| **V4.2 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING** | **VRAE** | **PUNTE (10)** |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming; Begrip | 30% | 4.2.1 + 4.2.2 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 4.2.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise | 30% | 4.2.2 | 3 |

**TOTAAL AFDELING A: 80**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING B: ONTWERP IN 'N SOSIALE/OMGEWINGSKONTEKS**

**VRAAG 5 [20 punte]**

**AS7: Demonstreer en verstaan die maniere waarop ontwerp gebruik kan word om sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies te bekragtig of te bevraagteken.**

5.1 **SOSIALE KWESSIES (INTERNASIONAAL)**

5.1.1 **(Ken 2 punte toe)**
Die beeld van steurende 'versplinterde' ledemate laat 'n mens ongemaklik voel. ☑ Die plasing van hierdie 'versplinterde' kind binne 'n onrusbarende steriele huislike omgewing, ☑ asook die grafiese Photoshop komposisies, ☑ lewer die emosionele skokkende boodskap. ☑ Die klein, eenvoudige lettertipe in 'n ligte skakering teen die leë muur beklemtoon die feit dat hierdie kind alleen in 'n 'leë' wêreld sonder ondersteuning is. ☑ Die gebreekte pop impliseer baie. Wanneer ouers sinneloos met en kwaad vir hulle kinders raak, maak hulle die kinders beide emosioneel en fisies seer. ☑ Die beeld is 'n metafoor vir kindermishandeling. ☑ Hulle kry innerlik seer en verpletterde kinderjare is die resultaat. ☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

5.1.2 **(Ken 8 punte toe)**
Naam van die ontwerper: **(1 punt)** Kerina West ☑
Titel van die ontwerp: **(1 punt)** 'My mother wore fur' plakkaatveldtog ☑




**Anti-pelsveldtogplakkaat getiteld 'My Mother Wore Fur'** ontwerp deur Kerina West, (Palm Beach, Florida, Amerika), 2011.

**(6 punte)**
Die sosiale kwessie plakkaatveldtog 'My mother wore fur' is 'n anti-pels veldtog om mense te oorreed om nie die pels van diere te koop en die pelshandel te ondersteun nie. ☑ Die grafiese ontwerper het op 'n slim wyse lyn gebruik om die teks te vorm, wat dan voortgevloei het in die beeld van 'n halwe of onklaar getekende hasie. ☑ As gevolg daarvan word jou oog van die teks na die beeld gelei en word die sosiale boodskap van die plakkaat vergroot. ☑ Die gebruik van lyn boots ook naaldwerk na en verleen sodoende effense tekstuur aan die ontwerp. ☑


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Gestikte letters verbind die boodskap sterk met die modebedryf. ☑ Die steurende aard van die gare en die uitgerafelde materiaalstof dra die lyding van die pelshandel se slagoffers oor. ☑ Die ontwerper het lyn gebruik om 'n klein harerige hasie te 'teken' en omdat hulle oulik is, voel jy jammer vir hulle. ☑ Hierdeur het sy haar boodskap selfs sterker en meer emosioneel gemaak. ☑ Die fokuspunt is 'n poging om die kyker in te lig oor waar pels vandaan kom in 'n kort, maar kragtige boodskap. ☑

Krediet moet ook vir enige ander relevante inligting gegee word.

| V5.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming/ Herroeping; Begrip | 30% | 5.1.2 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 5.1.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise; Sintese; Evaluering | 30% | 5.1.1 + 5.1.2 | 3 |

## 5.2 SOSIALE KWESSIES (SUID-AFRIKAANS)

**LET WEL: 'n Leerder mag kies om enige voorbeeld soos verskaf in die LPR, PAT of enige ander gedokumenteerde bron te gebruik.**

5.2.1 **(Ken 4 punte toe)**
Die fietse is kreatief aangepas om aan hulle behoeftes te voorsien. ☑ Sommige het hulle fietse verander om goedere af te lewer en hulle eie besighede te bestuur ☑ terwyl andere dit gebruik om kinders skool toe aan te ry of ander mense te pendel. ☑ Transport was veral in die landelike gebiede waar daar geen ander transport is nie moontlik gemaak. ☑ Die fietse het ook mense in staat gestel om onafhanklik in areas waar daar 'n gebrek aan transport van punt A na punt B is, te wees. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

5.2.2 **(Ken 6 punte toe)**
EEN MOONTLIKE VOORBEELD: Siyazama Projek ☑
Die stigter van die projek, Kate Wells, het die projek se doelstellings verduidelik deur te sê dat Siyazama (Zoeloe vir 'ons probeer') se handwerkvroue honderde klein, pragtig gekraalde kinderfiguurpoppies gemaak het. Gesamentlik het dit 'n sterk stelling gemaak oor statistieke ten opsigte van die VIGS-wesies in Suid-Afrika. ☑ Die projek het ook die publikasie van die boek, Siyazama: Art, AIDS and Education, tot gevolg gehad. ☑

Siyazama se werk poog om 'n stelling oor die reuse getalle VIGS-wesies in Suid-Afrika te maak, asook die impak wat daardie getalle op gemeenskappe waarin die kinders leef, het. ☑


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Die klein kraalengelpoppies word gemaak om VIGS-wesies en dié wat geraak word deur VIGS te verteenwoordig. ☑ Hulle is veronderstel om 'n gebaar van hoop, 'n gebed van bewustheid en medelye te wees. ☑



Die popmakers het in 2002 vir 'n projek wat inkomste sou genereer, bymekaar gekom, ☑ maar soveel meer het gebeur. 'n Kragtige sinergie van saamsit om poppe te maak, inligting oor MIV/VIGS te deel, was 'n transformasieproses vir hulle. ☑ Vir die meerderheid van hierdie handwerkvroue was deelname aan die Siyazama Projek hulle eerste geleentheid om van VIGS en sy kompleksiteite, anders as deur skinder en gerugte, te hoor. ☑ Die popmakers het die inligting met ander vroue gedeel, dikwels ten spyte van teenstand en dreigemente van die mans. ☑ Hulle het begin deur 'n tablo, wat die stryd van die vroue en hul groeiende woede teenoor die VIGS pandemie, van krale aanmekaar te werk. ☑ Stadig maar seker, soos die vroue vasgebyt het, het die houdings begin verander en het 'n bewustheid van VIGS na hul plattelandse gemeenskap gekom. ☑ Soos die kraal-vervaardigers se bekendheid en inkomste vanuit hulle poppe gegroei het, so het die mans se teenstand begin afneem. ☑

Die Siyazama Projek bevorder die rol van kuns en ontwerp om inheemse kennisstelsels en vaardighede te bevestig ☑ en ook as 'n medium om lewensbelangrike inligting oor MIV/VIGS onder die mees gemarginaliseerde en kwesbare mense in Suid-Afrika – plattelandse vroue – te versprei. ☑

Die tablo van krale en die poppe (sommige lewensgroot) van Siyazama is al uitgestal in die Staat van Michigan se Universiteitsmuseum in Engeland, Swede en in die Kanadese Museum vir Beskawing. ☑ Popversamelings word in opdrag van belangrike versamelings in die Verenigde State en die VK gemaak. ☑

| V5.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming/Herroeping; Begrip | 30% | 5.2.2 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 5.2.1 + 5.2.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise; Sintese; Evaluering | 30% | 5.2.1 | 3 |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 6**

**Kandidate moet TWEE van die drie 10-punt-subvrae kies**

6.1 **SUID-AFRIKAANSE omgewingsontwerper**
**(Ken 10 punte toe)**

6.1.1 **(Ken 2 punte toe)**
FIGUUR A herinner ons daaraan dat giftige afval 'n impak op ons omgewing het. ☑ Die beeld van olie wat in ons dreineringsisteme gemors word, herinner ons daaraan dat dit 'n gevaar vir ons watervoorrade inhou. ☑ Die beelde herinner ons daaraan dat dit nie goed is om te besoedel nie. ☑ Die tralies wys ons dat dit 'n misdaad is om giftige afval te vermors aangesien dit skade kan aanrig of ongesond vir die omgewing kan wees. ☑ Daar word gespeel met visuele beelde, d.i. die dreindeksel wat tronktralies word. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

6.1.2 **(Ken 2 punte toe)**
Herwinde materiaal bring direk die skoon omgewing waarin ons behoort te leef na vore. ☑ Die hergebruik van produkte verminder besoedeling. ☑ Dit dra by tot 'n groen omgewing. ☑ Dit skep ook 'n volhoubare ekonomie en gewaarwording. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

6.1.3 **(Ken 6 punte toe)**



**LET WEL: 'n Leerder mag kies om enige voorbeeld soos verskaf in die LPR, PAT of enige ander gedokumenteerde bron te gebruik.**

Voorbeeld
Naam van die ontwerper: **(1 punt)** Roche van den Berg ☑

Ontwerp/Produk: **(1 punt)** 'Rubberboom' ☑

Beskrywing van die ontwerp: **(2 punte)**
Die produk is van rubber afkomstig en van gebruikte buitebande gemaak. ☑ Die produk is handgemaak deur die rubber te sny, te brei en aanmekaar te werk.☑ Die rubber is gerek en getransformeer na verskeie teksture.☑ Die ontwerper gebruik rubber omdat dit gevind is en nooit geverf word nie. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


Hoe spreek die produk groen kwessies aan? **(2 punte)**
Omrede rubber nie vergaanbaar is nie help die maak van die produkte om afval te verminder en die ekosisteem te bevorder. ☑ Die transformering van afval in pragtige funksionele voorwerpe help om plante en bome te laat groei in skoner grond of aarde. ☑ Die hergebruik van bestaande materiaal is nodig om sodoende die gebruik van rou materiaal in alle verwante industrieë te beperk. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| **V6.1 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING** | **VRAE** | **PUNTE (10)** |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Herroeping/Kennis; Begrip | 30% | 6.1.3 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 6.1.1 + 6.1.3 | 4 |
| Hoër orde | Analise; Sintese; Evaluering | 30% | 6.1.1 + 6.1.2 | 3 |


**EN/OF**

6.2 **Internasionale omgewingsontwerper (Ken 10 punte toe)**

6.2.1 **(Ken 3 punte toe)**
Die huis sal in die somer weg van die son roteer om dit koel te hou, sonder die gebruik van elektries aangedrewe apparate, bv. 'n lugverkoeler. ☑ Gedurende die winter roteer die huis na die son om dit te verwarm en verminder dit die gebruik van verwarmers. ☑ Die rotering van die huis verseker maksimale natuurlike lig binne die huis. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

6.2.2 **(Ken 7 punte toe)**



**LET WEL: 'n Leerder mag kies om enige voorbeeld soos verskaf in die LPR, PAT of enige ander gedokumenteerde bron te gebruik.**

Naam van die ontwerper: **(1 punt)** Michael Young ☑

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


Titel van die ontwerp: **(1 punt)** Voëlnes ☑

Beskrywing van die ontwerp: **(3 punte)**
'Voëlnes' verwys na die verskillende ontwerpe deur Michael Young om vestings vir voëls, vlermuise en bye te verskaf. ☑ Die neste word van afvalmateriaal (rommel) gebou en sluit koerantpapier, plastiek, lateks, hout en draad in. ☑ Die materiaal word inmekaar geweef en gegom om dit sterk te maak ☑ en gevolglik 'n ryk tekstuur te gee. ☑

Hoe die ontwerp tot die omgewing bydra: **(2 punte)**
Deur afvalmateriaal (rommel) te gebruik, help die projek in die skoonmaak van die omgewing. ☑ Die herwinning van materiaal help om besoedeling te verminder. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| **V6.2 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING** | **VRAE** | **PUNTE (10)** |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Herroeping/Kennis; Begrip | 30% | 6.2.2 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 6.2.1+ 6.2.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise; Sintese; Evaluering | 30% | 6.2.1 | 3 |

**EN/OF**

6.3 **[Ken 10 punte toe]**

6.3.1 **(Ken 2 punte toe)**
Hierdie is 'n manier om nieherwinbare afval te verminder en dit op 'n ander handige wyse te gebruik. ☑ Dit verminder die gebruik van nuut vervaardigde materiaal wat òf die aarde se bronne sal uitput óf sal gebruik maak van skadelike vervaardigingprosesse. ☑ Die gebruik van die herwinbare materiaal verminder kwessies rakende opvulterreine. ☑ Indien die afvalprodukte nie herwin word nie mag hulle bydra tot bemorsing wat 'n impak op die omgewing kan hê. ☑

6.3.2 **(Ken 8 punte toe)**
**LET WEL: 'n Leerder mag kies om enige voorbeeld soos verskaf in die LPR, PAT of enige ander gedokumenteerde bron te gebruik.**

**Punte behoort slegs toegeken te word aan 'n ontwerper en ontwerp wat nie voorheen bespreek is nie.**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**INTERNASIONALE OMGEWINGSONTWERPER**



Naam van die ontwerper: **(1 punt)** Francois Legault ☑

Doelstellings van die ontwerper: **(2 punte)**
Die ontwerper mik om ekovriendelike produkte te skep. ☑ Die ontwerper mik om gebruik te maak van reeds bestaande produkte beskikbaar in ons omgewings om iets nuuts en aantreklik te skep. ☑ Francois is sensitief teenoor bekommernisse oor die omgewing en gebruik meestal kombuistoebehore vir sy ontwerpe. ☑

Algemene kenmerke van die ontwerper se werk: **(2 punte)**
Die produkte word van eetgerei, glase, klein bordjies, spykers, skroewe en meestal lepels gemaak. ☑ Die ligte is meestal van kombuistoebehore wat verskillend gerangskik is om elkeen 'n spesiale unieke ontwerp te gee. ☑ Soms word 'n swaar glasbodem gebruik om die lamp te stabiliseer sodat die bokant in enige rigting gedraai kan word sonder om die staander se posisie te affekteer. ☑ Die kleur op die produk is opsioneel.☑

Titel en hoe die werk omgewingskwessies aanspreek:
Titel van die werk: **(1 punt)** 'Triple Espresso' ☑
Hoe die werk omgewingskwessies aanspreek: **(2 punte)**
Die lamp is van ongebruikte of gevonde kombuisvoorwerpe gemaak (koppie en piering), wat nie biovergaanbaar is nie.☑ Die manier om nieherwinbare afval te verminder deur dit op verskillende en bruikbare maniere te gebruik, help die omgewing deur besoedeling tot 'n minimum te beperk.☑


Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**(Ken 8 punte toe)**
**SUID-AFRIKAANSE OMGEWINGSONTWERPER**

**LET WEL: 'n Leerder mag kies om enige voorbeeld soos verskaf in die LPR, PAT of enige ander gedokumenteerde bron te gebruik.**

Naam van die ontwerper: **(1 punt)** Ronél Jordaan ☑

Doelstellings van die ontwerper: **(2 punte)**
Ronél kies haar materiaal versigtig omdat sy die neweprodukte wil hergebruik. ☑ Die produkte is in harmonie met die natuur, want prosesse geïmplimenteer in die werkswinkel is almal ekovriendelik. ☑

Algemene kenmerke van die ontwerper se werk: **(2 punte)**
Ronél is oorheersend geïnspireer deur die natuur. ☑ Sy skep 'rots'-kussings, spoelklippie 'rivierbedding' matte, 'vallende blare' muurbehangsels en blompatroon dekens. ☑ Die natuurgeïnspireerde goedere het die tekstuur en vorms van blare en blomme, spinnerakke, dorings, velle en boombas. ☑ Haar ontwerpe vermeng kontemporêre interieurs met die skoonheid, eenvoud en stilte van die natuur op 'n ekspressiewe en speelse wyse. ☑ Die produkte is handgemaakte natuurlike vesel, meestal 100% merinowol. ☑

Titel en hoe die werk omgewingskwessies aanspreek:
Titel van die werk: **(1 punt)** 'Disa Weave'☑
Hoe die werk omgewingskwessies aanspreek: **(2 punte)**
Die prosesse in die werkswinkel geïmplementeer is almal ekovriendelik. ☑ Grys afvalwater wat in die proses agterbly, word hergebruik in organiese kostuine. ☑ Omdat seep belangrik is vir die verviltingproses gebruik sy 'n produk wat ten volle biovergaanbaar is en dit is noodsaaklik vir die omgewing. ☑ Die kleurstowwe word ingevoer omdat hulle loodvry is en aan Ekostandaarde voldoen. ☑ Sy verkool/karboniseer nie die wol wat sy gebruik nie omdat daar tradisioneel 'n bad met hidrochloried en ander chemikalieë in hierdie proses gebruik word. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| V6.3 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming/Herroeping; Begrip | 30% | 6.3.2 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 6.3.1 + 6.3.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise; Sintese; Evaluering | 30% | 6.3.2 | 3 |

**TOTAAL AFDELING B: 40**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING C: ONTWERP IN 'N BESIGHEIDSKONTEKS**

**VRAAG 7 [30 punte]**

**AS 9: Demonstreer die basiese begrip van bemarking van ontwerpprodukte in terme van teikenmark, verpakking en advertering.**

**AS10: Demonstreer die begrip van verantwoordbare ontwerp deur die inagneming van menslike regte en omgewingsaangeleenthede dwarsdeur die proses.**

7.1 **[Ken 30 punte in totaal toe]**

7.1.1 **FIGUUR A: (Ken 8 punte toe)**

STRENGTHS/STERK PUNTE:
- Die ontwerp is multifunksioneel en kan as bed, stoel of tent gebruik word. ☑
- Dit is eenvoudig en alle konstruksiemoontlikhede is maklik om op te stel. ☑
- Dis 'n plat-pak ontwerp wat nie veel stoorruimte sal nodig hê nie. ☑

WEAKNESSES/SWAK PUNTE:
- Dit blyk van lap/materiaal gemaak te wees wat sal beteken dat dit redelik gou sal verweer. ☑
- Die eenvoudige kleur sal gou vlekke uitwys en sal nie maklik wees om skoon te maak nie. ☑
- Dit mag nie weer- of waterbestand wees nie. ☑
- Dit sal addisionele materiale benodig om dit volhoubaar te maak. ☑

OPPORTUNITIES/GELEENTHEDE:
- Dit kan by crèches, dagsorgsentrums en skole bemark word vir velduitstappies. ☑
- Dit kan aan die regering voorgelê word as oplossing vir hawelose mense. ☑
- Tydelike behuising vir rampslagoffers. ☑

THREATS/BEDREIGINGS:
- Ander besighede wat 'n soortgelyke produk bied. ☑
- Dit mag onbekostigbaar vir diegene wat daarby kan baat wees of nie 'n wyd genoeg mark hê om betalend te wees nie. ☑
- Stoorplek en instandhouding kan 'n afskrikmiddel wees. ☑
- Duur materiaal wanneer vergelyk word met gewone karton. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

7.1.2 MOONTLIKE FINANSIERING **(Ken 2 punte toe)**
- Die projek kan aan die regering gebied word as 'n produk om die haweloses te ondersteun. ☑
- 'n Groot maatskappy/NGO in die privaatsektor kan gevra word om hierdie projek as deel van hulle uitreikprogram ter ondersteuning van die behoeftiges te finansier. ☑
- 'n Banklening. ☑
- Buitemuurse maatskappye, soos Outdoor Living of Cape Union Mart, kan genader word om in hierdie produk te belê. ☑


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


MOONTLIKE VASTE EN VERANDERLIKE KOSTE **(Ken 2 punte toe)**

- Vaste koste: Huur van die fabriekruimte. ☑ Salarisse. ☑
- Veranderlike koste: Materiale. ☑ Transport. ☑ Telefoon, elektrisiteit en Internet. ☑ Bemarking. ☑

7.1.3 **(Ken 4 punte toe)**

BESTUUR VAN MENSLIKE HULPBRONNE:

- Personeellede moet volgens die arbeidswette aangestel word om regverdige salarisse, werksure, vakansies en pensioenopsies te verseker. ☑
- Die werkruimte moet volgens die gesondheids- en veiligheidsspesifikasies georganiseer word, bv. goeie ventilasie met suigwaaiers indien giftige gasse gedurende prosedures vrygestel word. ☑
- Dryfvere/motivering kan aangebied word om produktiwiteit aan te spoor. ☑
- Vaardigheidsopleiding en algemene personeelontwikkelings-programme kan aangebied word vir die bemagtiging van die werknemer. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

7.1.4 **FIGUUR B: (Ken 3 punte toe)**

Moontlike teikenmarkte en redes vir elkeen:

- Opkomende klein besighede ☑ aangesien hierdie besighede nie so baie kapitaal nodig het ☑ om dit op te rig nie en waarskynlik nie huur hoef te betaal nie. ☑
- 'n Boumaatskappy kan dit as hulle tydelike kantien gebruik ☑ aangesien hulle baie rondtrek en dit goed vir hulle sal werk omdat dit vinnig opgeslaan kan word ☑ en op wiele is. ☑
- Dit kan ook vir groot funksies gebruik word ☑ op ongewone terreine wat nie permanente strukture het nie ☑, bv. Buitemuurse musiekfeeste. ☑
- Maatskappye in die buitelug, soos Outdoor Living of Cape Union Mart. ☑
- Spesiale funksies soos konserte. ☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

7.1.5 **(Ken 4 punte toe)**

- 'n Houer word hergebruik ☑
- Dit is mobiel ☑
- Die huur sal min of gratis wees ☑
- Dit kan veilig gesluit word om vandalisme en inbrake uit te skakel ☑
- Dit neem nie lank om die besigheid aan die einde van die dag te sluit nie ☑
- Oorhoofse koste sal min wees ☑
- Die minimum aantal personeel word benodig ☑

Gee krediet aan enige ander geldige antwoorde.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

7.1.6 **(Ken 5 punte toe)**

- Advertensies in koerante en tydskrifte ☑
- Strooibiljette ☑
- Brosjures ☑
- Televisie ☑
- Radio ☑
- Promosies ☑
- Plakkate ☑

Gee krediet aan enige ander geldige antwoorde.

7.1.7 **(Ken 2 punte toe)**

- Industriële ontwerper ☑
- Oppervlakontwerper ☑
- Binnehuise ontwerper ☑
- Sierverwer/'Sign writer' ☑

Gee krediet aan enige ander geldige antwoorde.

| V7.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Herroeping/Kennis | 30% | 7.1.4 + 7.1.6 + 7.1.7 | 9 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 7.1.4 + 7.1.5 + 7.1.6 | 12 |
| Hoër orde | Analise;<br>Sintese;<br>Evaluering | 30% | 7.1.1+ 7.1.2 + 7.1.3 | 9 |

**OF**

**[Ken 30 punte in totaal toe]**

7.2 7.2.1 **(Ken 16 punte toe)**

- **Moontlike besigheidsnaam vir elkeen:**

Gee krediet aan enige geskikte name. Die naam vir die mandjies in FIGUUR A moet die organiese, handgemaakte kwaliteit van die produkte oordra, ☑ asook hulle onreëlmatige, vry vorms, ☑ bv. 'Waaghalsige Weefwerk'. ☑ Die naam vir FIGUUR B moet op een of ander manier dit oordra dat hierdie mandjies tradisionele Afrika-weeftegnieke, -vorms en -patrone vertoon, bv. 'Trots Tradisioneel'. ☑

- **Moontlike slagspreuk of kenreëltjie ('tagline'):**

Gee krediet aan enige geskikte slagspreuk of kenreëltjie vir elkeen. Hulle kan dit op 'n manier aan die besigheidsnaam koppel.
'n Moontlike slagspreuk vir FIGUUR A kan wees:
'Nooi die natuur in jou huis in!' ☑ of 'Wees waaghalsig!' ☑
'n Moontlike slagspreuk vir FIGUUR B kan wees:
'Gee tradisionele glans aan jou huis!' ☑

Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

- **Moontlike teikenmark vir elkeen met 'n rede:**

FIGUUR A: Hierdie mandjies sal waarskynlik aanklank by die alternatiewe, kreatiewe, omgewingsbewuste mense vind ☑ aangesien hulle vorms spitsvondig is en die natuur in beide hulle vorms en in hulle gebruik van natuurlike materiale weerspieël word. ☑
FIGUUR B: Hierdie mandjies sal die toeriste aantrek ☑ aangesien hulle die oorspronklike vorms en patrone van tradisionele Afrika-mandjiewerk weerspieël. ☑

- **'n Geskikte lettertipe vir 'n besigheidskaartjie en redes vir hierdie keuse:**

FIGUUR A: Om hierdie produkte te adverteer, kan die lettertipe kromlynige, informele lyne en vorms hê ☑ wat die organiese kwaliteit van die vorms weerspieël. ☑
FIGUUR B: Die lettertipe vir hierdie mandjies kan heel geometries en blokagtig met driehoekige of diamantvorms wees ☑ om die geometrie van die potte te weerspieël. ☑

Ken punte toe indien leerders gepaste lettertipe-style geïllustreer het.

- **TWEE ander maniere om elke produk te bemark:**

FIGUUR A: Webtuiste, ☑ uitstalling in 'n galery, ☑ museum ☑ of luukse geskenk-/kurio-winkel, ☑ katalogusse ☑ of brosjures. ☑
FIGUUR B: Straatmarkte, ☑ vlooimarkte, ☑ uitstallings langs die pad ☑ en handwerkmarkte. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

7.2.2 **(Ken 8 punte in totaal toe)**

Die volgende redes kan verskaf word:

- **Vorm:**

Die besigheidskaartjie se een hoek lyk asof dit afgebyt is ☑ wat ongewoon is, maar goed skakel met die feit dat sjokolade heerlik en aptytwekkend is en moeilik om voor nee te sê. ☑

- **Kleur:**

Donkerbruin oorheers die voorkant van die kaartjie en goudbruin die agterkant, ☑ gepas as die kleure van sjokolade. ☑ Die bababl ou invoegsels aan die voorkant is vars en lig en kontrasteer goed met die bruin. ☑

- **Tipografie:**

Die gebruik van 'n sans serif kleinletter lettertipe ☑ vir die woord 'taste' (smaak) gee 'n informele, lighartige en direkte gevoel. ☑ Die grootte van die letters maak hulle ook opvallend. ☑ Die kursiewe lettertipe gebruik vir die woord 'chocolate' (sjokolade) dra by tot die lighartige, vry, informele gevoel van die ontwerp. ☑

- **Uitleg:**

Die uitleg van die lettertipes is eenvoudig en treffend ☑ aangesien die naam van die besigheid groot is en op sy eie teen 'n plein agtergrond staan. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

 Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com


7.2.3 **(Ken 6 punte in totaal toe)**

In hierdie vraag sal dit afhang van wat die kandidaat kies.
Een VOORBEELD sal wees:

- FIGUUR E omdat die vlooimark ideaal sal wees om tekstiele en tekstielprodukte te bemark aangesien hulle goedkoper verkoop kan word ☑ en baie blootstelling aan voetgangers wat vry toegang tot die plek het, sal hê. ☑
- FIGUUR D sal nie geskik wees nie aangesien die plek nie veilig is nie ☑ en daar nie plek vir die uitstal van produkte is nie. ☑ FIGUUR F sal te duur vir plek-/winkelhuur wees aangesien tekstiele nie oorprys kan word vir die dek van hierdie koste nie. ☑ Verder sal mens slegs baie welvarende of luukse mense kan trek. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| **V7.2 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING** | **VRAE** | **PUNTE (30)** |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Herroeping | 30% | 7.2.1 + 7.2.2 | 9 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 7.2.2 + 7.2.3 | 12 |
| Hoër orde | Analise;<br>Sintese;<br>Evaluering | 30% | 7.2.1 + 7.2.2 + 7.2.3 | 9 |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com